



2 Korintiërs 4:3

Geestelike blind

Week 4 (Sondag 14 Februarie 2021)

As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met 'n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan. 4Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is. 5Ons verkondig nie onself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onself as julle dienaars ter wille van Jesus. 6God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," so het Hy ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Wat is die evangelie wat verkondig word?
2. Wat beteken die Evangelie vir jou?

Dinsdag

1. Hoe lyk iets wat met 'n sluier bedek is?
2. Hoekom sal die Evangelie met 'n sluier bedek wees?
3. Watter gevaar hou dit vir ons in?

Woensdag

1. Hoe voel dit om in die donkerste donker te wees?
2. Watter verligting sal dit wees en gevoel sal dit bring om 'n lig in die donkerste donker aan te steek?
3. Wat is die inhoud van die Evangelie wat verkondig word?

Donderdag

1. Hoe sien die dissipels hulself en wat is hulle taak?
2. Watter opdrag sal dit vir ons wees?
3. Hoe sal dit wees om te dien?

Vrydag

1. As jy vers 6 lees watter boek in die Bybel laat dit jou aan dink?
2. As mens die Ou Testament teks lees saam met die teks, en jy dink oor wat die blyboodskap is en inhoud van die blyboodskap, hoe raak dit jou lewe en verander dit jou lewe?